**7 Julie**

**Skrifgedeelte: Handelinge 9:10-21**
**Fokusgedeelte: Handelinge 9:11**

## Veranderde mense bid

Saulus (Paulus) het soos ’n besetene voortgegaan om gelowiges te vervolg. Daarvoor het hy selfs na Damaskus gereis om gelowiges daar gevange te neem en na Jerusalem te bring. Maar toe verskyn Jesus persoonlik aan hom en praat met hom! “Saul, Saul, waarom vervolg jy My?” Toe val Paulus magteloos op die grond neer.

Nadat Jesus met hom gepraat het, is hy tydelik blind gelaat. Die mense wat saam met hom was, was sprakeloos en het hom toe na Damaskus gelei.

Intussen het die Here in ’n gesig vir Ananias gestuur om met Paulus te gaan praat. *“Hy is besig om te bid”*, het die Here vir Ananias gesê! Die vervolger van die kerk bid nou tot die Here wie se kerk hy vervolg het. Ja, die Here se magtige verskyning het Paulus se hele lewe verander, en nou bid hy!

Natuurlik was Ananias skrikkerig om na die vervolger van die kerk te gaan, maar die Here het hom verseker dat Paulus nou ’n veranderde mens was, ’n biddende mens! Ja, die Here kan vervolgers van die kerk verander in biddende mense.

Bid saam vir die volgende:

- Dat die Here ook ons lewens sal omkeer en op die regte pad plaas.
- Dat die Here se betrokkenheid in ons lewens ook enige sweempie van opstand sal wegneem.
- Dat ons ook biddende mense sal wees en dat die skille van ons oë sal afval.

*Sing: Psalm 86:1, 6 (1936)*

*Ds. HPM (Malan) van Rhyn (Pretoria-Noord)*